Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 10 Oct 2018
Page: 6

AVE: 22933.56
Circulation: 45000
Part: 1 of 1



Tuks se sewesspan het die afgelope naweek die Varsity-toernooi gewen. Agter is Dabeon Draghoender (afrigter), Ciaran Dayaram, Hanco Sipsma, PJ Uys, Mihle Nelani, Denzel Hill, Lorenzo Cloete en Dewald Naudé. Voor is Stephan Smit, WJ Strydom, Lourens Pretorius (kaptein), Andries Kruger, (afrigter), Zandré Kruger, Cornel Korff, Sanet van Zyl (fisioterapeut) en Nico Henery (spanbestuurder)

Foto: DANÉ PRETORIUS

# Tuks-sewesspan wen Varsity-toernooi

**Wilhelm de Swardt**

Tuks se mans-sewesrugbyspan het met sy sege in die eindronde van die Varsity-toernooi bewys daar is waarheid in die gesegde waar daar 'n wil is, is daar 'n weg.

Tot die afgelope naweek was daar talle stories te vertelle oor dié span se verspeelde kanse op kritieke tye wat hulle telkens duur te staan gekom het.

Die laaste amperse hoogtepunt was toe Tuks in 2015 in die eindstryd van die Varsity-toernooi teen Kovsies verloor het.

Die keerpunt het aan die begin van die jaar gekom toe die span onder leiding van die ouer spelers soos Lourens Pretorius (kaptein), WJ Strydom en Dewald Naudé saam met die afrigters, Andries Kruger en Dabeon Draghoender, besluit het genoeg is genoeg.

Volgens Kruger is daar 'n belofte aan mekaar gemaak: Kom wat wil, Tuks sal die Varsity-toernooi wen. Saterdag by die Pirates-klub in Johannesburg het dit gebeur. Tuks het die verdedigende kampioen, die Universiteit van Johannesburg (UJ), in 'n riller-eindstryd met 19-14 geklop.

Met minder as 60 sekondes speeltyd oor wou dit voorkom asof dit neusie verby vir Tuks was. Die Johannesburgers was 14-7 voor en op die oog af in beheer van sake.

Tuks het 'n laaste desperate aanval geloods. Toe die 19-jarige Lorenzo Cloete die bal kry, het hy 'n rolskoppie uitgevoer en die UJ se verdedigers is vir 'n oomblik onkant betrap. Cloete het die bal weer opgepik en deurgenael vir 'n drie reg onder die pale. Omdat die drie in die laaste "power play" gedruk is, het dit tien punte getel. Die doelskop was ook suksesvol.

Tuks het duidelik die toernooi oorheers. In sy ses wedstryde het dié span 201 punte aangeteken en net 50 afgestaan. Wat regtig indrukwekkend was, is dat Tuks 31 drieë gedruk en net agt afgestaan het. Op die veld is Tuks nie een keer geklop nie.

Hy is wel gestraf vir 'n reëloortreding in die groepwedstryd teen die UJ. Tuks se 29-12-sege is omgekeer tot 'n 20-0-nederlaag.

Dit moes die Tukkies erg gemotiveer het, want in sy volgende wedstryde het hy Wits met 43-5 afgeransel; Ikeys met 45-7; Maties in die kwarteindronde met 29-0 en die Universiteit van Wes-Kaapland in die halfeindronde met 36-12.

Kruger skryf Tuks se sukses toe aan die feit dat die spelers die beginsel van een vir almal en almal vir een tot perfeksie op en van die veld uitgeleef het.

"Die dag toe ons besluit het ons gaan die Varsity-toernooi wen, het ons op 'n proses ooreengekom oor hoe ons dit gaan doen. Die spelers het heeltemal ingekoop.

"Dit het nie saak gemaak wat op die veld gebeur nie; daar is altyd by die proses gehou. Dis hoekom ons die kampioene is."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.